Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 29 Oktober 2017 Jr. 6 Nr. 42
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Met wie sit ek om die vuur?

Tom Smith skryf in sy boek “Raw Spirituality” die volgende: “Our individualistic society tends to leave us with a huge identity crises. Many people live in a constant dismembered state. Some people don’t belong anywhere.” Dit kan gebeur dat ons net op ons eie vir God probeer dien, maar ons sukkel om so met God te “connect.” Ons is deel van ’n gemeenskap van gelowiges. Ons is mekaar se broers en susters. Ek leer vir God en myself ken deur ander mense. Daarom moedig Hebr 10:25 ons aan om nie van die samekomste van die gemeente weg te bly nie.

Daar is talle “mekaar” tekste in die Bybel. In Kol 3:12-17 kom ’n hele paar van hierdie teksgedeeltes voor: Wees geduldig met mekaar; Vergewe mekaar; Wees lief vir mekaar; Leer en onderrig mekaar. Ons moet eerlik vir mekaar sê dat mede-gelowiges ons kan irriteer, teleurstel en selfs kan seermaak. Dit is hoekom Paulus praat van “wees geduldig met mekaar” en “vergewe mekaar.” Aan die ander kant weet ons dat liefde, onderrig en heling binne verhoudings plaasvind.

Die groot vraag wat ons vir onsself moet antwoord is: Met wie sit jy om die vuur? Wie is jou mede-reisgenote wat jou help om God beter te leer ken? Wie is jou reisgenote wat jou iets van God se liefde laat beleef?

Sondag 29 Oktober
Nagmaal en Hervormingsfees

Met wie sit ek om die vuur?
Kol 3:12-17

08:00 Meditatief	Lize van Wyk
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Lize van Wyk
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Werner Schultz
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Getuienisgeleentheid:
Agapé Medies
Junita Kruger 083 650 3291 of
junita@deckingsolutions.co.za

Deurkollekte: Agapé Me-

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - ge!regE4

Sondag 5 November
Doop

Enig in jou soort
2 Tim 1:6-7

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Hannes Theron
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Andre Westraat
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Bid saam met ons vir die volgende:
Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Wilfred Stripp - lewerkanker
Ermano Aiello - breinoperasie
Johan en Engela Krüger - motorongeluk
Ada Kellerman - herstelproses
Katharina Greyling - operasie
Rinie Victor - herstel na oog-operasie

Rou
Ons dink aan *Japie Storm* se familie.

Helderberg Gemeente treur saam met soveel ander families en gemeenskappe wat geraak word deur brutale geweld en moord. Ons bid vir ons samelewing en wil alles in ons vermoe doen om n samelewing te help skep waar vrede, liefde en respek vir ander hoogty vier. Wees ons genadig,

Wat gebeur die week:

Dinsdag 31 Oktober
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep

Donderdag 2 November
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Cliffie Dickason - Bredasdorp
Hannes en Luné Schoeman - Stellenbosch
Henning en Maria Botes - Tygerpoort
Jan Claassen - Hottentos-Holland
Johan en Marisjanne Potgieter en hul seun Brynard - Jubilate
Martin du Plessis - Mosselbaai

Dankbaarheidskoeverte

Dit is ons jaarlikse dankbaarheidstyd en daar is koeverte by al die ingange geplaas, asook by Ontvangs. Ongelukkig moet ons dit ook hard en duidelik sê dat dit finansieel nie goed gaan met die gemeente nie. Tot op datum is die gemeentebydraes R372 806 onder ons begroting.

HELDERBERG Gemeente

Jaarlikse Dankoffer

Leef met 'n passie vir God en 'n hart vir mense

Die oplossing is eintlik baie eenvoudig: Dit lê by elkeen van ons om weer opnuut biddend ons eie bydraes te heroorweeg. Vir die kerkraad en personeel is dit ter-selfdertyd uiters belangrik om met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid met die bronne tot ons beskikking om te gaan.

Ons wil die kerk verf - 'n fondsinsameling

Dit is altyd lekker wanneer mense begin inisiatief en verantwoordelikheid neem. Die Here het dit op Irené Walters (083 744 2800) en Janus Barnard (082 853 7783) se hart gelê om fondse in te samel sodat ons die kerk kan verf. Dit is verseker nodig, eintlik dringend noodsaaklik, dat ons so spoedig moontlik daaraan aandag gee.

Hulle reël 'n kuiergeleentheid op Sondag, 12 November 2017 van 17:00-19:00 by Peregrine Place 5, Erinvale teen R60 pp (kinders – R50 pp).

Hierdie kuiergeleentheid sluit die volgende in:

- Yskoue wyn met 'n eetdingetjie in 'n pragtuin wat met boorgatwater besproei word.
- 'n Asemrowende uitsig en sonsondergang op die Hottentots-Holland berge.
- Agtergrondmusiek op 'n vleuelklavier van Hollywood tot Halleluja; van Beethoven tot Bach.

Kaartjies is by Ontvangs van Helderberg Gemeente beskikbaar.

Agapé Medies

Gaan kyk gerus op hulle webblad vir meer oor wat hulle alles doen:
http://agapemedies.wixsite.com/agapemedies

Ons spreek ons behoefte uit aan enige dokters en mediese personeel wat op die paneel hulle tyd en dienste beskikbaar wil stel.
Ons nooi ook graag enige persoon uit om deel te raak van die projekspan wat voel hulle talente kan tot voordeel wees van Agapé Medies.

Projekleier: Junita Kruger en Dr. Riaan Beyers
Projekspan: Hannelie Muller, Gerhard Kruger en Nelia Badenhorst

Helderberg UITREIK

Op die foto is van links drs Kirsten Peacey, Danette Barnard, Ansa van Geest en Marié Spies

Baie geluk aan **Sophia Heunis** wat hierdie week 93 geword het.

Saam met haar op die foto is Hannes Theron, Barbara Plaatjies (sy doen die voetesorg by die gemeente) en Mickey Basson (deel van die Seniorsorg-span).

Wil jy by ‘n omgeegroep/ kleingroep inskakel?

Dit is ‘n ideale plek waar jy iets van God se liefde deur ander mense kan beleef. Gee jou naam op by die kerkkantoor (021-851 5582) of e-pos na omgee@nghelder.co.za. As jy bereid is om ‘n nuwe groep te begin kontak Danie O’Kennedy by 083 375 8441 of danieok@nghelder.co.za.

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Of

Elke 2de **Woensdag** (8 & 22 November) om 08:15 - 09:00.

Enigeen is welkom.

Versorgingsfonds het ‘n dringende behoefte aan ‘n tweeslaapkamer woonstel / huisie met onmiddellike effek / so spoedig moontlik.

Kontak asb vir Hennie Smit by 083 228 3482 indien jy kan help.

Waarom gebruik ons Nagmaal?

Die Here het self die nagmaal ingestel. Daarvan getuig Paulus: “Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: ‘Dit is my liggaam;dit is vir júlle. Gebruik dit tot my gedagtenis.’”

“Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: ‘Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.’

Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom”

Die nagmaal is ’n baie intieme geleentheid, waar die band tussen Christus en sy gemeente elke keer weer nuwe betekenis kry.

As ons nagmaal gebruik, gebeur die volgende dinge met ons:
Ons onthou weer wat die Here vir ons gedoen het aan die kruis.
Ons sekerheid van ons verlossing word versterk.
Ons beleef weer saam die teenwoordigheid van die opgestande Here Jesus.
Ons buig weer voor die Here met nuwe toewyding.
Ons ontdek weer die bron van ons diepste vreugde.
Ons hoop op die lewe hierna word versterk.

Mag ons Here nou die nagmaal in al sy rykdom in ons geloofsgemeenskap laat werk.

KINGDOM LONGBOARDS
RSASoft
LSA
STRAND SIGNS
Have Heart FEST '17
LONGBOARDING COMPETITION & SKATE FESTIVAL
EVERYBODY WELCOME!
FOOD | STALLS | KIDS ACTIVITIES
WE INVITE YOU TO BE A PART OF THE MOVEMENT
25 NOVEMBER 2017
TECHNO PARK, STELLENBOSCH
AIMING TO SEE, LOVE & RESPECT EACH OTHER FOR WHO WE ARE
haveheartfestival
www.haveheart.co.za

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 16:00

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*